NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 15 – Uitgawe 23
14 Julie 2022

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

## Wat verklap jou klerekas oor jou?

**'n Paar jaar gelede het Marie Kondo se boek *The life-changing magic of tidying up: The Japanese art of decluttering and organizing* verskyn. In haar boek meen Kondo dat 'n mens, wanneer jy jou kaste uitsorteer, al jou besittings aan die volgende vraag moet onderwerp: *Bring hierdie voorwerp vreugde in my lewe?* Indien die antwoord *nee* is, is dit tyd om daarvan ontslae te raak.**

'n Minimalistiese leefstyl word deur al hoe meer mense beoefen. Daar is selfs TV-programme wat wys hoe mense vragskeephouers in huise omskep. Dit het alles te doen met mense se smagting na 'n eenvoudiger lewe midde-in 'n gejaagde, materialistiese wêreld. Hoewel die meeste van ons sekerlik nooit só radikaal sal minimaliseer nie, sorteer en pak ons tog van tyd tot tyd kaste reg.

'n Ruk terug is ek en my man op soek na iets wat verlê is toe ek besluit om sy klerekas in te vaar om te kyk of ek dit daar kry. Hoewel ek nie die verlore voorwerp daar opgespoor het nie, het ek wel op ander interessante vondse afgekom. Van die items wat ek ontdek het, is onder andere 'n laken (wat eintlik in die linnekas hoort), *Stasoft* (wat sonder my medewete uit die opwas geneem is), en dit wat my veral opgewonde gehad het – koeverte met geld (wat hy kry wanneer hy begrafnisse lei). Aan die sentimentele kant was daar ook 'n Bybel met notas en aantekeninge en kerkblaadjies uit sy skooldae. Verder is sy klerekas onberispelik – alles perfek opgevou en ingepak, nes die perfeksionis wat hy is.

Dit het my weer laat besef dat dit wat ons in ons kaste het, en selfs die manier waarop ons ons kaste pak en organiseer, baie verklap van ons persoonlikheid. So bult al my kaste van oorvol wees en hoewel ek my klere opvou, doen ek dit blykbaar nie netjies genoeg nie, want my kaste lyk alewig deurmekaar. Dit het seker ook te make met my filosofie dat 'n mens eerder alles in die kaste indruk as wat dit rondstaan en jou plek onnet laat lyk.

Verlede jaar sorteer ek en my ma bejaarde lidmate se woonstel uit nadat die tannie oorlede is en die oom ouetehuis toe getrek het. Wanneer 'n mens iemand se kaste en huis so oppak, leer 'n mens daardie persoon op 'n intieme wyse ken. Soos wat ons deur hul besittings sorteer, kon ons sien dat hulle gelowige mense was, wat vir hulle kosbaar en spesiaal was, wat hul belangstellings en stokperdjies was. 'n Mens sien watter seer daar in hul lewe was, watter drome en planne hulle gehad het wat nooit verwesenlik is nie, en ook watter herinneringe hulle gekoester het.

So beland die tasbare herinneringe van 'n mens se lewe en ervaringe in die een of ander stadium in 'n laai of kas. Volgende keer wanneer jy weer jou kaste uitsorteer, haal daardie aandenking uit, kyk daarna, wees dankbaar vir die herinneringe en koester dit in jou hart, want: *Wysheid saam met besittings is goed; dit is 'n voordeel vir elkeen wat leef* (Pred 7: 11).

**Ds Marina Kok-Pretorius, Potchefstroom**

